# ~~VER~~ GE-LEENTHEID TOT TRANSFORMASIE

**2 KOR 3:7–18 [NLV]**

- AS DIE BEDIENING WAT TOT DIE DOOD LEI, EN WAT MET LETTERS IN KLIP GEGRAVEER IS, SOVEEL HEERLIKHEID GEHAD HET – AL SOU DIT GOU WEER VERDWYN – DAT DIE KINDERS VAN ISRAEL AS GEVOLG VAN DIE HEMELSE GLANS OP MOSES SE GESIG NIE DAARNA KON BLY KYK NIE, HOEVEEL GROTER SAL DIE HEERLIKHEID VAN DIE BEDIENING DEUR DIE GEES DAN NIE WEES NIE?
- AS DIE BEDIENING WAT VEROORDEEL, DAN MET HEERLIKHEID GEPAARDGAAN, SOVEEL TE MEER OORTREF DIE BEDIENING VAN DIE VRYSPRAAK DIT IN HEERLIKHEID. WANT WAT VROEËR VERHEERLIK WAS, VERDOF TOTAAL WANNEER DIT VERGELYK WORD MET DIE ALLESOORTREFFENDE HEERLIKHEID VAN DIE HEDE.
- AS DIE BEDIENING VAN DIE OU VERBOND WAT EINTLIK NET TYDELIK WAS, GESTRAAL HET VAN HEERLIKHEID, HOEVEEL MEER SAL DIE ALTYD BLYWENDE BEDIENING VAN
- TERWYL ONS SÓ ’N VERWAGTING KOESTER, DOEN ONS ONS WERK MET GROOT VRYMOEDIGHEID. ONS IS OOK NIE SOOS MOSES WAT SY GESIG VERSLUIER HET OM TE VERHINDER DAT DIE VOLK ISRAEL SOU SIEN DAT DIE LIGGLANS NET TYDELIK WAS NIE.
- HULLE DENKE HET VERHARD GERAAK. TOT VANDAG TOE IS HULLE GEDAGTES VERSLUIER AS HULLE DIE OU TESTAMENT LEES.
- DAARDIE SLUIER WORD NET EENVOUDIG NIE VERWYDER NIE OMDAT DIT NET CHRISTUS IS WAT DIT GEHEEL EN AL VERNIETIG. TOT VANDAG TOE NOG, ELKE KEER AS MOSES VOORGELEES WORD, LÊ DAAR ’N SLUIER OOR HULLE HARTE.
- VAN MOSES WORD EGTER IN DIE SKRIF GESÊ: “ELKE KEER AS HY HOM NA DIE HERE TOE DRAAI, VERWYDER HY DIE SLUIER.” DIE “HERE” DUI HIER OP “DIE GEES” EN WAAR DIE GEES VAN DIE HERE IS, HEERS DAAR VRYHEID.
- ONS ALMAL WEERSPIEËL DIE HEERLIKHEID VAN DIE HERE, WANT DIE SLUIER IS VAN ONS GESIG AF WEGGENEEM.
- ONS WORD AL HOE MEER VERANDER OM SOOS DIE HERE TE LYK, MET ’N HEERLIKHEID WAT STEEDS <u>TOENEEM</u> NAMATE DIE HERE, DIT IS DIE GEES, DIT AAN ONS GEE.

1. ONS STRAAL OOK UIT
2. WEERSPIEEL
3. ONS VAT DIE GENADE VAN OM JESUS TE SIEN NA MEKAAR!
4. EN DIT MAAK DAT DIE HEERLIKHEID MEER WORD
5. GEE DIE AGTERGROND DAT ONS NOU IN VRYHEID IS.
6. DAT DIE GEES IN ONS IS EN DAT DIT TRANSFORMASIE BEWERK.
7. DIE GEES WEK VRUG EN VRUG WORD GEWOONTE EN LEEFSTYL.
8. DIE GEES SKEP ANDER IMPULSE VIR NUWE GEDRAGSPATRONE
9. DIE GEES SKEP LEWE - NIE KORTSUGTIG MAAR GEES VISIONER WAT LEWE EN OORVLOED SIEN.

- DIT IS NIE DIE BEWEGING VAN TYD EN NUWE JAAR WAT NUUT BEWERK NIE – DIT IS DIE GEES WAT JOU DENKE WIL OMVORM WAT TRANSFORMASIE BEWERK.

**VERLEDE**

- JY KAN NIE VORENTOE BEWEEG MET LABELS VAN MISLUKKING VAN GISTER EN EERGISTER NIE. DIT IS WIL OM TRANSFORMASIE TE WIL BELEEF!

**PROSES**

- ALMAL IS IN DIE PROSES VAN TRANSFORMASIE NA DIE NUWE MENS WAT REEDS DEUR GOD SE GENADE GESKEP IS.

**WAT IS GENADE?**

- GENADE IS DIE LIEFDE VAN GOD OM AF TE KOM EN JOU IN SY ARMS TE BYMEKAAR TE MAAK. GENADE IS DIE SELFVERSEKERDE VERSEKERING DAT JY MET GOD AAN JOU KANT NIE KAN VERLOOR NIE.
- GENADE IS SY KRAG VIR VANDAG EN BLINK HOOP VIR MÔRE. GENADE IS DIE EINDE VAN GODSDIENS. GENADE IS DIE VRYHEID VAN DIE ONHEILIGE BEHOEFTE OM JOUSELF TE BEWYS.
- GENADE IS 'N GODDELIKE TOESTEMMING OM TE WEES WAT GOD JOU GEMAAK HET OM TE WEES. DIT IS MY EN JOU GESKENK EN ONS KAN BEGIN WEES WAT ONS IS DEUR DIE GEES!

**GENADE IS NUUT VANDAG**

- WAT HOU ONS WEG VAN TRANSFORMASIE?
- DIE ONVERMOë IN SELF OM TE TRANSFORMEER – ONS KAN NIE!

**DENKE IS WAAR DIE STRYD IS**

- JOU STRYD IS IN JOU DENKE – VOETPADJIES VAN GEDRAG EN RESPONSES.
- TYD VIR GEES TRANSFORMASIE
- JY SKEP SOMS JOU EIE WAARDE IN JOU DENKE EN NEEM MENSE KWALIK AS HULLE DAAROP REAGEER!

**PERSPEKTIEF**

- NUWE PERSPEKTIEF OP DIE LEWE VAN GENADE!
- DIT IS DIE DAG WAT DIE HERE GEMAAK HET EN EK SAL MY DAARIN VERBLY EN DAARIN BEGIN LEEF EN WANDEL! EK SAL!! HOEKOM SAL EK KAN? WANT SY GEES IS IN MY! SELLE GEES WAT JESUS UIT DIE DODE OPGEWEK HET!

**DEI GRATIA!**

- DINK NET WAT MET EN DEUR DEI GRATIA KAN PLAASVIND AS ONS BEGIN TRANSFORMEER IN GENADE NA DIE WARE NUWE MENS WAT IN ONS GEDEPONEER IS!
- DIESELFDE GEES WAT IN JESUS WAS TOE HY OPGESTAAN HET EN GRAF DOOD EN HEL OORWIN HET! IS IN ONS –
- SAAI EN SIEN HOE GOD VERMEERDER!
- VERLEENTHEID GELEENTHEID VAN TRANSFORMASIE IS DAT JY MOET KAN ERKEN JY IS STUCK OF STAGNEER JY! DIT SKEP DIE GELEENTHEID!

**HOE?**

- **ROM 12:2 [NLV]** MOENIE JULLE LEEFSTYL AANPAS BY DIE GEDRAGSPATRONE VAN HIERDIE WÊRELD NIE, MAAR LAAT GOD JULLE OMVORM DEURDAT HY JULLE DENKPATRONE VERNUWE. DAN SAL JULLE GOED KAN ONDERSKEI WAT HÝ WIL HÊ DAT JULLE MOET DOEN, NAAMLIK DIT WAT WERKLIK GOED EN AANVAARBAAR EN VOLMAAK IS.
- DIT IS MET MY MIND WAT EK DIE HERE DIEN – DAAROM VAL DIE VYAND MY JUIS HIER AAN.

**EK IS DIE VERTREKPUNT VAN VERANDERING**

- NOU WAAR KRY EK JESUS? WAAR SIEN EK HOM?
- IN SY WOORD DEUR SY GEES

**MEMORISEERVERS**

- **2 KOR 3:18 [NLV]** ONS WORD AL HOE MEER VERANDER OM SOOS DIE HERE TE LYK, MET 'N HEERLIKHEID WAT STEEDS TOENEEM NAMATE DIE HERE, DIT IS DIE GEES, DIT AAN ONS GEE.